View metadata, citation and similar papers at core.ac.uk
brought to you by CORE
provided by Koers (E-Journal)

September 1958

KOERS

DEEL XXVI. NOMMER DRIE.

# Die Kultuurkrisis en die Opvoeding van die Jeug

Ons gaan ons besig hou met die krisis in die opvoeding en onderwys van die 20ste eeu, en veral van die tweede kwart daarvan.

Ons wil direk aan die begin baie duidelik stel dat ons op hierdie terrein voortdurend krisisse belewe. Ons het hier die een terrein waarop die inwerking van ekonomiese, sosiale, godsdienstige, filosofiese, natuurwetenskaplike, huislike en elke ander omwenteling of verskuiwing of waardeverandering sonder uitsondering groot invloed uitoefen. Dis die terrein waar nuwe ideologieë, nuwe credo's, nuwe insigte, nuwe praktyke voortdurend in botsing kom met die tradisionele en konvensionele. Die kultuur in sy wydste sin geneem, is dinamies van aard. As die skool kultuuroordrag as taak het, moet die self dinamies wees en daarom voortdurend in die brandpunt staan. As die skool se taak is om die kultuur te behou en te bewaar, sal dit in voortdurende botsing met die veranderende en voortskreidende kultuur wees. As die skool kultuurvormend moet wees, kan dit nie anders as om in voortdurende stryd en botsing met die bestaande en nuwe tendense te verkeer nie. En waar al drie hierdie take van die skool verwag word, is dit slegs natuurlik dat daar voortdurende en baie ernstige besinning by almal wat met opvoeding te doen het, moet wees. As opvoeding is „the transmission of life from the living, through the living, to the living", soos Jacks dit stel, dan moet ons die huidige kultuurkrisis in die hoogste graad in die opvoeding afgespieël vind.

Laat ons verder baie duidelik stel dat ons hier onder opvoeding alle prosesse insluit wat daartoe meewerk, en daarom nie slegs die georganiseerde instituut van opvoeding, nl. die skool, in gedagte het nie. Die huis, die kerk, die gemeenskap, die staat, ja almal wat opvoedend op die onvolwassene werk, word by die bespreking veronderstel. Dit maak die onderwerp egter so wyd dat ons hier slegs sekere aspekte sal kan bespreek. Hierbo word verder van die „jeug" gepraat. Dis 'n veel enger begrip as onvolwassene of as opvoedeling. Dit gaan eintlik om die onvolwassene maar die botsing, stryd en krisis in die opvoeding kom vandag beste tot openbaring by die jeug van van 12/14 tot 20/22 jaar, d.w.s. die jong mens aan die middelbare skool en

aan die universiteit (natuurlik ook hulle wat na die skoolloopbaan elders 'n heenkome vind.) Daarom sal ons aandag in hoofsaak op die jeug toegespits word.

2. **Die doel en funksie van opvoeding.**

Opvoeding en onderwys dwars deur die wêreld ly vandag aan 'n gebrek aan doelstelling. Dis waar, die onderwyser mag weet wat hy vandag wil bereik met hierdie en daardie les, maar dit bly nog maar alles van onmiddellike waarde. Die sertifikaat aan die einde van die loopbaan, die voorbereiding vir verdere studie of opleiding, die beskawingspeil wat bereik moet word, dit alles is van nabysynde en plaaslike betekenis. Met die oordrewe klem op die praktiese en nuttigheidsaspekte in die lewe het die diepere, die omvattende benadering van die lewe in al sy uitinge, sterk afgeneem. Mense lewe by die dag, ja word dikwels by die dag gelewe. Die verbeterde ekonomiese toestande, die tegniese hulpmiddele, die verbeterde kommunikasiemiddele, die meganisering van die arbeid, die kommersialisering van die vryetydsbesteding, ja selfs die godsdiens wat oor die radio kom en die kos wat uit blikkies bedien word, werk alles mee om die mens van vandag die noodsaaklikheid van verantwoordelikheid te ontneem. Hy hoef hom nie meer rekenskap te gee van dit waartoe elke stap hom gaan lei nie en van wie en hoeveel mense daardeur beïnvloed gaan word nie. Beplanning is al wat nodig is; dit het die plek van besinning ingeneem. Van planne en skemas en van hulle „efficiency" hang die heil en welvaart van mense en volkere af. Alles het 'n eendagskleur, 'n „diesseitigkeit" waarvan die invloed ophou as die hede verby is. Hierdie benadering vind ons op alle kulturele vlakke: die staat met sy 5-jaar-skemas, die maatskappy met sy koorsagtige weg-organisering van euwels en probleme, die nywerheid met sy inpalming van grondstof en mensemateriaal, die ekonomie met sy verswelging in die weelde van die oomblik en ook in die opvoeding en onderwys met sy soeke na „efficiency".

Orals is die gebrek aan diepere en omvattende wysgerige beplanning skadelik en gevaarvol, maar seker nêrens so erg soos in die opvoeding nie. Die beste metodes en tegnieke is in die onderwys tot niks blywends in staat as dit nie êrens heen lei nie. Wat daardie einddoel waardevol maak, is die feit dat hy onveranderlik, in alle kulture gelykwaardig, vir alle geslagte gelykdraend en langs baie en uiteenlopende bane benaderbaar moet wees. Waar die besinning van sy eindbestemming dan by die kultuur van vandag ontbreek of gebrekkig is, daar is dit by die onderwys ewe-eens die oorsaak van die krisis waarin hy hom bevind. Hoe daar ook al gelap en geplak word, dit kan eers blywende waarde hê as dit met die diepere „jenseitige" einddoel en -bestemming deeglik geïntegreer is en harmonies as 'n eenheid saamwerk.

Die groot probleme waarvoor die opvoeding vandag staan, spruit almal voort uit 'n gebrek aan godsdienstig-filosofiese doelstelling. Die vraag van die ewewig tussen die idealisme, die realisme en die pragmatisme in die opvoeding kan slegs besleg word nadat daar op eindbestemming beslis is. Dit sal maak dat die ideaal vir die uitein-

delike hoog en reg is, die weg waarlangs dit benader word realisties is, d.w.s. met albei voete reg binne die lewe is, nugter, saaklik en werklik en die uitslag vir hierdie lewe nuttig, prakties en onmiddellik bruikbaar. Dan sal die stryd tussen kultuuroordrag, kultuurbehoud en kultuurvorming sy beslag in die opvoeding vind. Daar sal ook nie meer geslinger word van die indiwidu na die gemeenskap en terug, al na die eise van die oomblik nie, maar beide indiwidu en gemeenskap sal hulle regmatige plekke naas mekaar vind: die indiwidu as die atoom waaruit die gemeenskap opgebou is, die gemeenskap om die indiwidu te huisves wat geskape is om 'n „hulp te hê wat by hom pas", en albei saam tot 'n hoër plan saamgeweef. Dan sal die vraag van opleiding tot die beroep of opleiding tot die lewe homself oplos in die „waartoe" van die opvoedingsdoel. Die jong mens wat vir 'n beroep opgelei is, sal die lewe kan ingaan as volwaardige verantwoordelike deelgenoot. Huis, skool en kerk sal mekaar steun en aanvul in die opvoedingstaak, elk op sy eie terrein en elk met sy eie middele. Dan sal daar geen botsing wees tussen die natuurwetenskap en die godsdiens sover dit hulle eise op die opvoedingsterrein aangaan nie. Die so hoog geroemde natuurwetenskaplike metode, houding en gesindheid sal dan deel vorm van die wellewendheid waartoe opvoeding moet lei sonder dat dit gevaarlik en ondermynend sal wees.

Maar ons het hier met 'n utopia en utopiese toestand te doen. Bereik kan ons dit in hierdie lewe nooit nie. Dit neem egter nog nie weg dat ons hier die kern van die krisis in die opvoeding het nie. As daar gedokter moet word aan die kwaal van ons tyd, moet dit nie aan die simptome op die blare wees nie maar aan die probleem in die wortel. Die beste metodes in die onderwys, die beste kennis van die kind of onvolwassene, die ideale administrasie, kan geen blywende waarde hê sonder hierdie besliste heenwysing op 'n einddoel nie.

3. **Die verskillende opvoedingsinstellings.**

Ons wil hier geen oorsig gee van die instellings nie dog slegs probeer aantoon dat die krisis hom orals en op elke vlak openbaar, hoewel die stryd nie orals ewe fel woed nie.

(a) **Die huis:** As die indiwidu die atoom is waaruit die gemeenskap opgebou is, is die huisgesin die molekule wat 'n eie bestaan het. Hierin word die eienskappe van die indiwidu geopenbaar, maar dit huisves ook die karakter van die gemeenskap. Die huisgesin is die eerste gemeenskap wat die indiwidu vorm, reeds vanaf sy eerste lewensoomblik. Die invloed is dan ook baie verstrekkend en kan nooit deur die van ander middele geheel en al uitgewis of geneutraliseer word nie.

Ons wil hier slegs wys op die veranderde invloed wat vandag van die huisgesin uitgaan. Die twee grondstene van die huislike invloed het vandag grootliks weggeval, nl. die gesagselement en die vertrouenselement. Albei hierdie elemente is van onskatbare waarde vir die hele opvoedingsproses in al sy fases verder aan. Tensy die juiste gesagsverhouding teenoor God en medemens in die

huis gelê word, kan dit in die latere opvoeding nie vrugbaar bygebring word nie. Dan kry die opvoeding op skool die skuld vir dit wat tuis verbrou is. Daarmee is dan meteens die verhouding van staat en onderdaan, gemeenskap en indiwidu, verantwoordelikheid en diens, arbeid en ontspanning gelê. Waar dit in die huisgesin reg is, moet die skool noodwendig hierby aansluit en daarop voortbou.

Die tweede element, van vertroue en van liefde, is net so belangrik en verreikend. Daar leef weinig kinders wie se gebrekkige aanpassing op skool en in die lewe nie hiertoe teruggevoer kan word nie. Om hiervoor te vergoed, word daar later op skool allerhande „Ersatz"-produkte gefabriseer. Om hierdie ankerlose, onveilige kind later van hulp te kan wees, moet ons vandag allerlei remediërende middele en tegnieke op skool toepas. Ons moet kliniese sielkundiges aanhou om te red wat daar te red is. Ons pas op skool die beste sielkundige en didaktiese kennis van die kind toe, maar het slegs geringe sukses daarmee. Die volgende aanhaling gee 'n beeld van die probleem:

„There was once a little boy who went home one day from school. He knocked on the door, but no one answered. He knocked again, but still no answer— for there wasn't anyone at home.

So he made his way out into the world, wrapped up in his aloneness. and the world was large, and he was very small.

He made his way out and he watched the cars, he watched other boys and girls playing, bicycle riding, running and jumping, but he went on away from this, on by himself. He went on into the world and saw the flowers and plants, the trees and shrubs. He saw the birds and the animals and he smelled the air. And the world was large and he was very small.

He saw the different shapes in the sky, and the different colours in the fields; he saw where the land was flat, and where it was hilly. And he went onward.

He walked through the woods and played by the water. He reached in his pockets for a piece of string and dangled it in the stagnant pools for fish he knew would never come.

He got up and went on, talking to the forest, whistling now and then to himself. He heard a note and followed it until he found the bird that sang. He heard a rustle and followed it until he found the animal that moved.

And he went on out into the world and found things, asked questions, asked a continual series of 'why's?', and would not be satisfied until he knew.

On he walked, around and around, sometimes not knowing where and often finding little things to stop and learn about. As he went on he learned, and knew more and more about the world and about himself. He understood the animals, the trees, and the flowers. He made castles out of the clouds and walls out of the trees. He made a house out of the sky and he belonged to the world. He made his own way and he grew. The world was large, but now he was not quite as small.

His life became a big spiral. It went onward and outward, full of new and

wonderful things, full of experiences of the world and of himself. And as his experiences became greater so did he, for his experiences were his life, and he lived what he learned.

He became worldly wise. He found ways to go and ways not to go. He found people and sometimes went with them, and then again he would go differently, for he made his own way, always asking 'why?', always seeking, always learning.

One day his spiral stopped. All that he had learned suddenly seemed to crumble and disappear. And he stood alone as if not belonging. The world was empty, and he was all that there was in it. He became lost and frightened—for there wasn't anyone at home." (THE NEW ERA, XXXIX, No. 6, June 1958, p. 149. Mark Braham: „A picture").

Die huis moet die fondamente van alle beskawing lê, en dis hier waar die huis vandag te kort skiet, enersyds omdat dit nie die fondamente lê nie, en andersyds omdat dit die fondamente op sand lê. In die latere skooljare word die krake en barste dan sigbaar, waarvoor die skool ten onregte die blaam ontvang.

Nie net as voorloper van die skoolopvoeding het die huis 'n taak nie, ook as meeloper langs die hele weg.

(b) **Die gemeenskap:** So belangrik is die rol wat die gemeenskap in die opvoeding speel, dat sir Fred Clarke praat van die „educative society". Hierin speel veral drie faktore 'n belangrike rol: die ekonomiese toestand, die tradisie en die ideologie. Hulle vorm die kulturele situasie waarin opvoeding plaasvind. Alle opvoeding van 'n kind geskied in 'n sekere kultuur. Die kultuur is nie bloot 'n agtergrond nie maar dis 'n lewensmedium. Die werklik beslissende keuse vir die opvoeding lê dus op die kulturele en veral die religieuse terrein waar die nodige indoktrinasie moet plaasvind en wel op so 'n wyse dat die opvoedeling gereed gemaak word vir 'n lewe in 'n uiters snel veranderende kultuur en gemeenskap. Dit sluit in die „rehumanizing" van die arbeid, die vryetydsbesteding en die aanpassing aan die nuwe ekonomiese struktuur.

In vroeër dae het die kultuur, gemeenskap, opvoeding en onderwys slegs daardie dinge oorgedra wat nodig was vir die welsyn van hulle wat oordra en nie van hulle wat ontvang nie. Vandag is dit anders. Vroeër het die gemeenskap presies geweet wat hy moet eis van die opvoeding; vandag weet niemand wat môre nodig sal wees nie. Vroeër was daar geen stryd tussen vryheid en verpligting in die leerplan nie; vandag kan die kultuur nie meer beslis nie. Ons kultuur maak vandag so 'n skeiding tussen arbeid en ontspanning dat dit vir opvoeding moeilik word om die kloof te oorbrug, „to produce worker, citizen and image of God all in one piece" (Clarke: Freedom in the educative society, 43).

Waar die gemeenskap self vandag georganiseer, gestratifieer en gedifferensieer is en voortdurend pogings aangewend word om te integreer, is die eis wat dit aan onderwys en opvoeding stel dat dit doeltreffend (efficient) moet wees. Hiervoor is beplanning nodig: wie opgevoed moet word, hoe ver die opvoeding verpligtend moet wees, waar opgevoed moet word, wat geleer moet

word, in kort kontrole op elke gebied. Dit bring veral twee duidelike strekkinge na vore: gelykheid van geleenthede vir almal en meganisering van die onderwysfasiliteite. Vir die opvoeding om aan hierdie twee vereistes te voldoen, is uiters moeilik. Tesame met die verwydering van klasseverskille kom die probleem van leierskap. Wie moet opgevoed word tot leiers en hoe moet dit gedoen word? Waar die gemeenskap eis dat aan almal gelyke geleentheid gegun word, word die algemene opvoedingspeil so opgestoot dat daar naderhand geen „een-oog in die land van die blindes" meer is nie. Daarom die geroep vandag om gedifferensieerde onderwys, daarom die ywer om die leierskorps van hoogbegaafdes as die belangrikste taak van die onderwys te sien, daarom die stryd om verskillende maar gelykwaardige eindsertifikate daar te stel vir diegene wat tog van nature verskillend is. Gelukkig dat daar duidelik besef word dat die kreet van gelykheid in die verlede hopeloos eensydig was. „Vryheid, gelykheid en broederskap", hierdie kreet van die Franse Rewolusie, het in die geskiedenis egter nog selde die gelykwaardigheid van die drie elemente uitgelewe. So word die gelykheidsgedagte, die „parity of esteem", vandag deur die kultuur en gemeenskap maklik oorbeklemtoon ten koste veral van die broederskap met sy idee van hoederskap.

Om hierdie gelykheidsgedagte nog verder te benadruk kom die uitwissing van die kulturele grense tussen verskillende volkere, die internasionalisme. Staat en gemeenskap eis nou die opvoeding tot wêreldburgerskap. Dit ontneem die skool nog verder daardie unieke stempel wat die vroeër gehad het en stel geweldig hoë eise. Die gevaar dat dit kan lei tot vervlakking van dit wat as algemeenkultureel, as basies, beskou moet word, is beslis nie denkbeeldig nie.

Die ontwikkelingstempo van die kultuur is so geweldig dat dit byna chaos skep. Die skool en opvoeding sleep myle agter die moderne lewensvlak aan. Ons praat van die „cultural lag". Van alle kante, van werkgewers, van kultuurleiers, van owerheidsweë, van die professies, ja van orals af kom die eise na die skool om te lewer wat vereis word. Hoe meer die beplanning op hierdie terreine misluk, hoe sterker word die noodsaak vir beplanning in die opvoeding. Al hierdie beplanning lei egter so maklik tot meganisasie. Dit word „reël op reël, gebod op gebod, hier 'n bietjie en daar 'n bietjie".

Dit loop gevaar om die „efficiency" van die opvoeding te sien in die sistematisering daarvan. Wysig net die samestelling van die toevoer dan sal die produk ook anders wees. Pas net sus en so 'n proses toe, dan sal die gewenste produk gelewer word. Dit laat mens dink aan die produskieband van 'n moderne fabriek.

Hierdie meganisering wreek hom vandag in die losbandigheid, wat dikwels as vryheid geroem word, wat ons by moderne eksperimentering in die opvoeding aantref. Alles word in die eksperiment geoorloof in die soeke na die „philosopher's stone" wat die towerformule sal daarstel.

'n Ewe ernstige gevaar van die meganisasie is die feit dat daar wel skynbaar die produk gelewer kan word

wat vereis word. Mag ons u verwys na die opvoedingstelsels van die Nasiïsme, Fasisme en Kommunisme soos ons dit in ons tyd leer ken het. Was dit, is dit oplossing van die probleem?

'n Ander produk van die meganisasie is die massamens. U ken die karikatuur wat so geskep word, onnatuurlik, onwaar, onselfstandig, oneie, soos Jacks sê: „The poetry of human experience does not apply to him". Hy sê verder: „If a system injures intelligence, it is bad. If it injures the character, it is vicious. If it injures the conscience, it is criminal. Efficient mass-production in education tends to injure all three." (Modern trends in education, 110).

Laat ons hier net verder verwys na die moderne probleem wat die natuurwetenskap en tegniek aan die onderwys stel. „Produce more scientists or study Russian" sê die Amerikaanse publiek vandag. En dis voorwaar nie 'n kuns om meer van hulle te lewer nie. Die resep is daar, uitgetoets deur die kommunistiese Rusland. Dit vereis net die regte beplanning en die nodige wetgewing. Maar sien u nie die geweldige tweespalt tussen natuurwetenskaplike en mens nie, tussen natuurwetenskap en kultuur, tussen natuurwetenskap en godsdiens nie? Natuurwetenskap staan tog nie buite die lewe nie, is nie 'n misterieuse kultus bedoel vir hoog gespesialiseerde „scientists" nie, dis nie die towerstokkie wat mag en rykdom bring nie. Dis nie iets wat aan die indiwidu gehang word of oor hom vernis kan word nie. Nee, dis veel meer as dit vir die moderne mens: dis vir hom moderne lewe self in een van sy fundamentele aspekte. Kultuur en gemeenskap eis die vernis oor die opgevoede mens, dus twee duidelike prosesse, moontlik agtereenvolgens aangebring. Ware opvoeding kan hiermee nooit genoë neem nie, want dit wil hierdie moderne kultuurskepping inweef in die opvoeding van die hele kind, dit wil van hom nie 'n tegnikus, ambagsman of skeikundige maak nie maar wel 'n mens waarin hierdie waardes van die natuurwetenskap en tegniek ingeweef is in sy kultuur, in sy godsdiens, in sy lewenspraktyk en -beroep. So 'n proses is egter 'n langdurige, wat sy resultate nie volgens voorskrif kan lewer nie en bevredig daarom nie die eise van die oomblik nie. So word die opvoeding op die kruispaaie gebring.

Kom ons op die terrein van die toenemende misdaad by die jeug en die volwassenes, dan staan die opvoeding weer in die brandpunt van die oordeel. Die skool het sus en die skool moet so. Maar het die gemeenskap nie alle verantwoordelikhede van die skouers van die jeug weggeneem en hom tot 'n doellose, nuttelose bestaan gedwing nie? Ons hou hom kind tot hy al byna volwasse is. Wat moet hy met homself aanvang in daardie jare wat hy sy kinderskoene ontgroei het en nog nie deur die samelewing benodig word nie? Leer, ja, leer, is u antwoord. Maar dit is seker duidelik dat dit hom nie bevredig nie. Word daar nie van die hedendaagse skool verwag om die bewaarhuis, die halfwegstasie, te wees moontlik om in ons skole aan die jeug dit te gee wat hom werklik bevredig en stil sal maak, nie net aan die boonste 25% nie maar aan almal, en hoe moet dit gedoen word? Hoe moet huis, kerk,

gemeenskap en skool hier saamwerk om 'n oplossing te vind?

Outomatisasie van die arbeid stel 'n baie ernstige probleem aan die opvoeding. Opleiding wat vir die beroep nodig is, word so gespesialiseerd dat dit nie meer as opvoeding bestempel kan word nie. Die toekomstige werker word self 'n ratjie in die masjien. Daar is nie meer die arbeidstrots by die arbeider nie. Dit is nie meer nodig vir hom om intelligent te werk nie, trouens sodra hy begin dink, kan dinge verkeerd loop. Matrikulante hou dit nie uit in 'n hooggemeganiseerde fabriek nie, so verklaar 'n vooraanstaande nyweraar. Wat moet nou die skool se taak word in die voorbereidingsproses? Wat moet die kenmerke van die eindproduk wees? Die skool kan nie net „geleerdes" kweek nie, dan versteur hy die noodsaaklike ewewig en kweek 'n topswaar volk. Wie moet die arbeider, ambagsman, tegnikus oplei, die skool of die nywerheid? In V.S.A. en in Engeland, Holland en Duitsland heers vandag nog ernstige verwarring op die gebied van die tegniese onderwys om aan die veranderde behoeftes te voorsien.

Die kloof tussen arbeid en vrye tyd maak die oplossing van die voorgaande probleem beslis nie makliker nie. Wat moet die werker doen as hy nie met sy beroepsarbeid besig is nie? U kan sê hy moet lees, hy moet boer, hy moet 'n winsgewende of onwinsgewende stokperdjie aanhou. Dit klink na 'n verblydende oplossing. Maar dan ken u nie 'n kind en ook nie 'n volwassene nie! Ons sal gevaar loop om weer eens die kreet te hoor: „gee ons brood en spele". Waar daar soveel ontspanning in gekommersialiseerde vorm aangebied word soos ons dit vandag reeds aantref, word die taak van die opvoeding daardeur net bemoeilik. Die moderne mens wil sy vrye tyd laat bestee word, hy wil opgevorder word deur die ontspanstaan, hy wil geen verantwoordelikheid daarvoor dra nie. Moet die opvoeding aan hierdie eis toegee met die hoop dat dinge dan so sal verval dat reaksie noodwendig moet intree om die ondergang af te weer? Dit tog nie! Maar wat dan?

In 'n eeu waar die beroepslewe nie meer die welsyn van die liggaam waarborg nie, waar saamdromming van baie mense bymekaar ernstige gesondheidsprobleme skep, waar die lewensgang ondermynend op liggaamlike en geestelike welvaart en ewewig inwerk, waar verbeterde ekonomiese toestande die gemaksug bevorder, in so 'n eeu word die opvoeding van die liggaam en die opvoeding tot gesondheid 'n belangrike eis wat aan die skool gestel word. Nie meer die huis en die gemeenskap nie, maar die skool word hiervoor die aangewese middel.

Ons sou nog boekdele met hierdie eise wat die huidige kultuurkrisis aan die opvoeding stel kon vul. Ons haas ons egter om nog opsommenderwys iets oor die skool as opvoedingsinstelling te sê.

(c) **Die skool:** Niemand sal ontken dat die hele krisis hom in al sy felheid op die skool konsentreer nie. Laat ons 'n paar van die probleme hier kortliks noem.

Kinders word so vroeg uit hulle ouerhuise uitgestoot om beide ouers in staat te stel om die stryd teen die ekonomiese druk buitenshuis voort te sit of omdat die gemaksug hulle daartoe dryf, dat

die opvoeding van kleuters 'n aktuele behoefte word waarin voorsien moet word. Dus 'n uitbreiding van die skool se funksie. As ons die crèche hierby aansluit dan strek die skool se funksie nou ver uit van kort na die geboorte af tot by die volwassenheid. Hierdie uitbreiding vereis nuwe organisasie, nuwe opleiding, nuwe metodes en tegnieke, nuwe onderwysers, nuwe geboue en baie geld. Daar is ook nie 'n tradisie wat bygehaal kan word om hier leiding te gee nie en daar moet van meet af aan begin word.

Die laerskool is vandag die minsbesproke en bekritiseerde onderwysinstelling. Almal aanvaar die noodsaaklikheid daarvan, die terrein en omvang daarvan word bevredigend gedefinieer en die funksie is redelik konstant. Weinig van die nuwere eise wat in die vorige paragraaf genoem is, tref die laerskool nadelig of plaas dit in die brandpunt van die krisis. Dit word aanvaar dat dit plek moet inruim vir godsdiens, vir die basiese vaardigheid en vir kulturele en praktiese vakke. Die werk moet afsluit met die afsluiting van die kindertydperk. Die metodes en tegnieke wat toegepas word, lewer ernstige strydpunte op. Ons hoor van die „pap sielkunde", van die vrye dissipline, van die spelende leer en lerende speel, van aanpassing en wanaanpassing. Dis wel strydpunte, maar meestal nie van deurslaggewende aard nie. Belangriker egter is die nuwe taak van voeding en versorging, ja selfs van kleding van die kind deur die skool en die saak van die voorsiening van ontspanning in die vrye tyd wanneer die ouers nie tuis is om na die kind om te sien nie.

Kom ons by die middelbare onderwys dan loop die paadjie van rose skielik dood in die dryfsand van onbeslistheid, van proefneming en spekulasie. In 'n vorige paragraaf het ons die eise genoem wat vandag al sterker aan die skool gestel word. Hoe graag die skool hulle ook al wil aanhoor en inkorporeer, kan dit nie gedoen word sonder baie oorweging, eksperimentering, koste en kragte nie. Die middelbare skool sien die probleme, dog sy krisis is die „hoe"? Laat ons sommige probleme noem: moet onderwys op middelbare vlak verpligtend wees vir alle leerlinge van die leeftyd, ongeag hulle aanleg en bestemming? En indien wel, tot op watter ouderdom, watter vlak? Indien waar wel verpligting is, hoe sal die eis van die gemeenskap beste gedien word, deur 'n algemeen basies of deur 'n spesifiek beroepskundig georiënteerde leerplan? Moet die vakke apart gehou word of moet hulle saam groepeer word om die integrasie vir die jeug te vergemaklik? Is die jeug reeds tot integrasie van die studieterreine in staat of is hierdie vermoë eers by die volwassene aktief? Indien differensiasie toegepas word, op watter vlak en tot welke mate moet dit geskied? Hoe gaan die bane gelykwaardig gehou word sodat die sertifisering sonder diskriminasie geskied? Watter stof wat vandag aangebied kan word, sal vir die volwassene van môre nog waardevol wees? Gaan die saamvoeging van die jeug uit verskillende lae van die samelewing ooit werklike klasseverskille uitwis, selfs daar waar hierdie verskille die gevolg is van inherente aanlegs- en persoonlikheidsvariasie? En as 8 jaar in die

laerskool dit nie kon regkry nie, sal die middelbare skool dit kan regkry op 'n tydstip in die kinderlewe waarin juis die waarneming van die verskille, die vergelyking en opweging teen mekaar 'n belangrike ontwikkelingstrek is? Differensiasie is slegs moontlik in groot skole. Is ons nie daarmee besig om die massa-mens te kweek nie, die indiwidu wat slegs 'n nommer in die geheel word? Wat is die mens sonder indiwidualiteit?

Waar die skool vandag soveel take moet oorneem wat vroeër deur die ander opvoedingsinstansies uitgevoer is, word die las onmoontlik swaar en kan dit nie met vrug uitgevoer word nie. Die taak word vir die staat en vir die onderwyser te veel. Vir die staat eis dit meer geld, meer en hoër belasting, meer amptenare en departemente. En, kom die vraag, is ons met dit alles op die regte pad? Die gelewerde produkte dusver skyn dit nie te waarborg nie.

Kom ons by die onderwyser, kan ons 'n ewe donker prentjie ophang. Watter onderwyser wat 10 jaar gelede sy opleiding, akademies sowel as professioneel, voltooi het, is nie vandag hopeloos oudmodies nie? En hoeveel sorg dat hulle modern bly? Een skrywer sê dat dit die professie is waar mens die gouste aan pedagogiese aarverkalking ly sodat die intellektuele slagare vernou tot 'n blote rooi strepie. Hulle beland in 'n groef wat die onderwys en oordeel betref en word onvatbaar vir nuwe idees. Graag sou ons wou glo dat dit anders is! En dan, sal u sê, eis hulle hoër salarisse! Weerspieël hulle salarisse nou hulle waarde of is die punte van kritiek hierbo slegs **hulle** poging om te antwoord op die waardeskatting van die gemeenskap? Ons wil hê hulle moet die voorste linie in die stryd om ewewig in 'n snel veranderende wêreld inneem; ons wil die onderwysers van pligsversuim, kortsigtigheid en gebrek aan inisiatief beskuldig as dinge verkeerd loop in die wêreld daar buite. Terselfdertyd kan elkeen wat maar lus het op hulle skel en hulle veroordeel, selfs as hulle progressief word. Mense wat so 'n sleutelposisie beklee, verdien seker ons hoë agting en daarby ook beter salarisse. Staan die staat en die volk vandag agter die onderwyserskorps om hulle in die legiotake wat in die opvoedingsproses aan hulle toevertrou word moreel en konkreet te sterk? Lê die oorsaak van onderwyserstekort nie juis in hierdie status van die professie nie?

4. **Wat van die toekoms?**

Dis nie ons taak om die probleme nou op te los nie maar om hulle te stel, sodat u as kultuurleiers die omvang van u taak en roeping kan besef. By wyse van samevatting noem ons sekere vergesigte waarheen die opvoeding besig is om te beweeg en wat bemoediging inhou.

(i) Opvoeding word 'n beroep wat as lewenslange proses beide die onvolwassene en die volwassene omvat: dit beweeg na 'n opgevoeen self-opvoedende volwasse gemeenskap.

(ii) Opvoeding sien af van die versameling van onverbonde en hoogsgespesialiseerde dele om 'n deurweefde, omvattende en deurlopende geheel te word.

(iii) Waar dit vroeër slegs tot die verstand gerig was, word opvoeding gesien met betrekking tot die hele kind, wat die hele mens word.

(iv) Ook die onderrig beweeg weg van die instruktiewe en outoritatiewe metodes wat 'n aantal vakke vir die v e r s t a n d insluit, na 'n stelsel waar 'n reeks betekenisvolle aktiwiteite deur simpatie en verbeelding ineengestrengel word. Dit soek na skoolervaring wat sinvol is en daarom verwelkom word.

(v) Die professie moet nie meer bestaan uit 'n korps hoog opgeleide tegnisiëns, elk met beperkte ervaring en skraal vooruitsigte nie, maar moet 'n geleerde professie van opgevoede mense met wye ervaring, gerespekteerde status en begeerlike vooruitsigte word.

(vi) Die opvoedingsinstansies moet uitgebrei word vanaf die skool na die staat, die huis, die gemeenskap, die kerk, die nywerheid en die tegniek.

(vii) Die opvoeding moet nie meer beskou word as 'n middel tot 'n doel nie maar as doel in sigself, as 'n lewe wat nou hier gelewe moet word.

Mooi en bemoedigend soos die voorgaande ook mag wees, dit sal egter nooit werklike oplossing van die probleme kan bring nie. Die allerbeste beplanning, organisasie en doelbewuste beheer sal nog altyd slegs die dop blink vrywe terwyl die pit nie bereik word nie. Om met Butler saam te kan sê:

The lamp of truth we lit in youth,
The dreams of life's young morning:
In that dark hour, I found their
power
Still in the embers burning,

is daar iets veel dieper, veel blywender, veel omvattender nodig. Dit moet met ewigheidslig bestraal word voordat die ware wysheid daaruit sal spreek. „Die hoofsaak van alles wat ons gehoor het, is: Vrees God en hou sy gebooie; want dit geld vir alle mense. Want God sal elke werk bring in die gerig wat kom oor al die verborge dinge, goed of sleg." (Pred. 12: 13, 14.) Sodat ons kan kom tot die ware doel met die opvoeding: „sodat die mens van God volkome kan wees, vir elke goeie werk volkome toegerus" (2 Tim. 3:17).

B. C. SCHUTTE.
P.U. vir C.H.O.